MN 15

HUMAN
SCIENCES
RESEARCH
COUNCIL

INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVO

INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING INSTITUTE FOR MANPOWER RE

RAAD VIR
GEESTESWETENSKAPLIKE
NAVORSING

**DIE VERMENIGVULDIGER VIR ISITHEBE**

# NAVORSINGSBEVINDING * RESEARCH FINDING

001.3072068 HSRG

| Klasnr./Class No. | Registernr./No. |
| --- | --- |
| 001.3072068 HSRC MN 15 | 39842/X |

RGN RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

BIBLIOTEEK
LIBRARY

HSRC HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN INLIGTINGSDIENSTE

CENTRE FOR LIBRARY AND INFORMATION SERVICES

RGN·HSRC

39842

VERVALDATUM/DATE DUE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1988 -03- 4 | | | |

1179-1085

RSING

THEBE

M.Com.

RSING

Direkteur : W. Verhoef

000107963

PRETORIA
1974

2844363866

Navorsingsbevinding nr. M-N-15

Kopiereg voorbehou

001.3072068 HSRC MN 15

*107976*

BESTELLNO
39842

INHOUD


BLADSY

| | | |
|---|---|---|
| 1 | INLEIDING EN DOELSTELLING | 1 |
| 2 | DIE VERMENIGVULDIGER, 'N BEGRIPSOMSKRYWING | 1 |
| 3 | OMSKRYWING VAN DIE GEBIED ISITHEBE | 4 |
| 4 | DIE METODE VAN ONDERSOEK | 5 |
| 5 | DIE STEEKPROEF | 6 |
| 6 | DIE INKOMSTE EN BESTEDINGSPATROON | 12 |
| 7 | OORSPRONG VAN DIE GOEDERE EN DIENSTE WAT DEUR DIE BEWONERS VAN DIE ISITHEBE-GEBIED PLAASLIK AANGEKOOP IS | 15 |
| 8 | DIE ROL VAN BELASTING | 18 |
| 9 | BEREKENING VAN DIE VERMENIGVULDIGER VIR DIE ISITHEBE-GEBIED | 19 |
| 10 | TERUGVLOEI VAN BESTEDINGS IN AANGRENSENDE GEBIEDE | 19 |
| 11 | BETROUBAARHEID VAN DIE BEREKENDE VERMENIGVULDIGER | 21 |
| 12 | SLOTOPMERKINGS | 23 |

TABELLE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| 5.1 | BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 7 |
| 5.2 | VERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR | 8 |
| 5.3 | GEOGRAFIESE VERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP SE WERKPLEK | 8 |
| 5.4 | DIE OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 9 |
| 5.5 | DIE KWALIFIKASIESTRUKTUUR VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 10 |
| 5.6 | VERSPREIDING VAN ONDERSOEKGROEP VOLGENS AFSTAND VAN WERKPLEK | 11 |
| 5.7 | TIPE VERVOER WAT DEUR ONDERSOEKGROEP GEBRUIK WORD | 11 |
| 5.8 | DIE WERKSTATUS VAN DIE ONDERSOEKGROEP | 12 |
| 6.1 | DIE INKOMSTEPATROON VAN DIE BEWONERS VAN DIE ISITHEBE-GEBIED | 13 |
| 6.2 | MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE BEWONERS VAN DIE ISITHEBE-GEBIED | 14 |
| 7.1 | OORSPRONG VAN DIE GOEDERE EN DIENSTE WAT DEUR DIE BEWONERS VAN DIE ISITHEBE-GEBIED PLAASLIK AANGEKOOP IS | 16 |
| 10.1 | TERUGVLOEI VAN BESTEDINGS IN AANGRENSENDE GEBIEDE | 20 |

## BEDANKING

Die statistiese data wat in hierdie navorsingsbevinding gebruik word, is ingesamel in medewerking met mnr. T.J. van Deventer en mnr. A. Venter van BENBO.

BENBO en die twee genoemde here word hiermee bedank vir die groot bydrae wat hulle gelewer het om hierdie verslag moontlik te maak.

Sonder die daadwerklike hulp van mnr. J. Coetzee, die bestuurder van die BBK se kontoor op Isithebe, en sy personeel sou die navorsing wat vir hierdie verslag nodig was, ook nie moontlik gewees het nie. Die BBK, mnr. Coetzee en sy personeel word vir hulle hulp bedank.

## 1 INLEIDING EN DOELSTELLING

Beplande ekonomiese ontwikkeling van 'n land of gebied sonder 'n deeglike kennis van sekere plaaslike omstandighede soos die beskikbaarheid van hulpbronne en infrastruktuurdienste, die ligging en grootte van die afsetmark en die grootte van die vermenigvuldiger, is haas onmoontlik. Die vermenigvuldiger is vir ekonomiese beplanningsdoeleindes veral belangrik omdat dit die beplanner in staat stel om met 'n groter mate van sekerheid te bepaal hoeveel in 'n land of gebied belê moet word om die ekonomie daarvan so ver te ontwikkel dat werkgeleenthede en die bruto binnelandse produk elk met 'n bepaalde persentasie sal styg.

Waar die ekonomiese ontwikkeling van bepaalde groeipunte in en om Bantoetuislande tans van owerheidsweë baie aandag geniet, is dit wenslik dat die vermenigvuldiger vir sulke gebiede bekend sal wees. In die lig van voorgaande is die doel met hierdie studie om die vermenigvuldiger vir die Isithebe-gebied te bereken.

## 2 DIE VERMENIGVULDIGER, 'N BEGRIPSOMSKRYWING

Die verhoging van bestedings in 'n bepaalde land of gebied met 'n betekenisvolle bedrag, sê een miljoen rand, sal sonder meer die totale inkomste van die land of gebied se inwoners met die genoemde bedrag (R1 miljoen) laat styg, ongeag die oorsaak van die verhoging in besteding.

Indien die persone wat die bestede bedrag as loon, of vergoeding vir handelsware, grondstowwe of gelewerde dienste of selfs as geskenke ontvang, dit sou oppot, sal die verhoogde besteding geen verdere invloed op die totale inkomste van die land of gebied hê nie. Indien hulle egter die bedrag wat hulle ontvang, of 'n deel daarvan, gebruik om hul eie bestedings aan plaaslike goedere en dienste te verhoog, sal die inwoners van die betrokke land of gebied se totale inkomste met verloop van tyd met meer as die oorspronklike bedrag (R1 miljoen) styg.

Die verskynsel dat die uiteindelike styging in totale inkomste groter is as die oorspronklike R1 miljoen, word die vermenigvuldigeraksie of vermenigvuldigereffek van die verhoogde bestedings of beleggings genoem.

## 1 INLEIDING EN DOELSTELLING

Beplande ekonomiese ontwikkeling van 'n land of gebied sonder 'n deeglike kennis van sekere plaaslike omstandighede soos die beskikbaarheid van hulpbronne en infrastruktuurdienste, die ligging en grootte van die afsetmark en die grootte van die vermenigvuldiger, is haas onmoontlik. Die vermenigvuldiger is vir ekonomiese beplanningsdoeleindes veral belangrik omdat dit die beplanner in staat stel om met 'n groter mate van sekerheid te bepaal hoeveel in 'n land of gebied belê moet word om die ekonomie daarvan so ver te ontwikkel dat werkgeleenthede en die bruto binnelandse produk elk met 'n bepaalde persentasie sal styg.

Waar die ekonomiese ontwikkeling van bepaalde groeipunte in en om Bantoetuislande tans van owerheidsweë baie aandag geniet, is dit wenslik dat die vermenigvuldiger vir sulke gebiede bekend sal wees. In die lig van voorgaande is die doel met hierdie studie om die vermenigvuldiger vir die Isithebe-gebied te bereken.

## 2 DIE VERMENIGVULDIGER, 'N BEGRIPSOMSKRYWING

Die verhoging van bestedings in 'n bepaalde land of gebied met 'n betekenisvolle bedrag, sê een miljoen rand, sal sonder meer die totale inkomste van die land of gebied se inwoners met die genoemde bedrag (R1 miljoen) laat styg, ongeag die oorsaak van die verhoging in besteding.

Indien die persone wat die bestede bedrag as loon, of vergoeding vir handelsware, grondstowwe of gelewerde dienste of selfs as geskenke ontvang, dit sou oppot, sal die verhoogde besteding geen verdere invloed op die totale inkomste van die land of gebied hê nie. Indien hulle egter die bedrag wat hulle ontvang, of 'n deel daarvan, gebruik om hul eie bestedings aan plaaslike goedere en dienste te verhoog, sal die inwoners van die betrokke land of gebied se totale inkomste met verloop van tyd met meer as die oorspronklike bedrag (R1 miljoen) styg.

Die verskynsel dat die uiteindelike styging in totale inkomste groter is as die oorspronklike R1 miljoen, word die vermenigvuldigeraksie of vermenigvuldigereffek van die verhoogde bestedings of beleggings genoem.

P.A. Samuelson (Economics. An Introductory Analysis, p. 23) definieer die vermenigvuldiger as: "... the number by which the change in investment must be multiplied in order to present us with the resulting change in income."

'n Vermenigvuldigeraksie kan deur 'n hele verskeidenheid van gebeurlikhede aan die gang gesit word. Die mees algemeen van die gebeurlikhede is die volgende:

(a) 'n Nuwe belegging in die betrokke gebied ongeag daarvan of dit uit bestaande besparings óf met ingevoerde kapitaal gefinansier is.

(b) 'n Verhoging van verbruiksbesteding in die gebied deur die owerheid gefinansier uit fondse wat van ander gebiede kom.

(c) 'n Verhoging van verbruiksbesteding in die gebied deur toeriste.

(d) 'n Verhoging van die plaaslike inwoners se grensverbruiksgeneigdheid. Dit beteken dat die plaaslike inwoners 'n groter persentasie van hul inkomste aan verbruiksgoedere en -dienste bestee en 'n kleiner persentasie daarvan spaar.

(e) 'n Verhoging in die uitvoere uit die gebied sonder 'n ooreenstemmende verhoging in invoere.

Verhoogde inkomste vir die inwoners van die gebied, ongeag die oorsprong daarvan, sal egter geen vermenigvuldigeraksie aan die gang sit, indien die inwoners van die gebied nie minstens 'n deel van die verhoogde inkomste op plaaslik geproduseerde verbruiksgoedere of -dienste bestee nie. Trouens die grootte van die vermenigvuldiger hang direk af van die grensverbruiksgeneigdheid van die inwoners van die land of gebied. Hoe groter die persentasie van 'n inkomsteverhoging wat op plaaslike verbruiksgoedere en -dienste bestee word, hoe groter die vermenigvuldiger. Normaalweg word die vermenigvuldiger dan ook bereken as die omgekeerde van die grensbesparingsgeneigdheid en wel soos volg:

$$K = \frac{1}{\frac{(\Delta Y - \Delta C)}{\Delta Y}}$$

Of :

$$K = \frac{1}{1 - \frac{(\Delta Y - \Delta S)}{\Delta Y}}$$

waar K = vermenigvuldiger

Y = inkome

C = verbruiksbesteding

S = besparings

Y = C + S

en Δ = 'n klein toename is.

Die bostaande formule is die gebruiklike een wat in alle handboeke aangetref sal word. Tog geld dit eintlik net vir 'n geslote ekonomiese stelsel sonder 'n owerheidsektor.

In 'n oop ekonomiese stelsel, dit wil sê 'n stelsel waar daar handels=kontak met ander lande of gebiede bestaan, kan 'n deel van enige verhoging in inkome die gebied permanent verlaat. Bestedings op invoergoedere, sonder 'n ooreenstemmende verhoging in uitvoere, wat in die geval van 'n dorp of streek en in die geval van 'n land oor die korttermyn wel kan gebeur, ver=teenwoordig so 'n lekkasie uit die verhoogde inkome en dus uit die voort=gesette bestedingstroom uit, aangesien die buitelandse of buitestreekse ontvanger daarvan, dit hoogs waarskynlik in sy eie of derde lande of streke sal bestee.

Bedrae wat aan die owerheid as belasting betaal word en nie deur die owerheid in die betrokke gebied aan verbruikersgoedere bestee word nie, verteenwoordig ook 'n lekkasie uit die plaaslike bestedingstroom wat by die berekening van die plaaslike vermenigvuldiger vir 'n dorp, stad of streek in berekening gebring moet word.

'n Vermenigvuldigerformule vir 'n oop ekonomiese stelsel wat ook vir belastinglekkasies voorsiening maak, sal soos volg moet lyk:

$$K = \frac{1}{1 - \frac{\Delta Y - (\Delta S + \Delta M + \Delta T)}{\Delta Y}}$$

waar M = invoere (insluitende bedrae buite die grense van die betrokke gebied bestee),

T = belastings is.

Daar is ook diegene wat van 'n beleggingsvermenigvuldiger, 'n buitelandse handelsvermenigvuldiger, 'n owerheidsbestedingsvermenigvuldiger ensovoorts praat, net om te onderskei tussen die oorsprong van die aanvanklike dryfkrag agter die verhoogde inkome wat op sy beurt weer die verhoogde verbruiksbesteding tot gevolg gehad het. In al hierdie gevalle hang die grootte van die berekende vermenigvuldiger slegs af van die grensverbruiksgeneigdheid en grensinvoergeneigdheid van die inwoners van die betrokke land of gebied.

In al die gevalle sal die uiteindelike gevolg van die vermenigvuldigeraksie ook wees dat beide totale inkome en totale werkgeleentheid met meer sal toeneem as die direkte toename wat deur die oorspronklike dryfkrag veroorsaak is.

Die stigting van 'n fabriek wat werkgeleentheid aan een honderd werkers verskaf, sal, met ander woorde, totale werkgeleentheid met meer as een honderd laat toeneem en 'n aanvanklike inkomsteverhoging, wat ook al die oorsaak daarvan, sal uiteindelik 'n nog hoër inkomsteverhoging tot gevolg hê as gevolg van die vermenigvuldigeraksie.

## 3 OMSKRYWING VAN DIE GEBIED ISITHEBE

Vir doeleindes van hierdie studie sal die <u>Isithebe-gebied</u> beskou word as 'n gebied wat eerstens binne die grense van die Kwa-Zulu val en tweedens tussen die volgende grense geleë is:

3.1 Die noordgrens is 'n denkbeeldige oos-weslyn wat deur Nyoni loop.

3.2 Die suidgrens van die gebied is die Tugelarivier.

3.3 Die oosgrens is of die Durban-Golelaspoorlyn of die grens van Kwa-Zulu watter een van die twee ook al die verste wes geleë is.

3.4 Die wesgrens is 'n denkbeeldige lyn ongeveer 12 kilometers wes van die gebied se oosgrens.

## 4 DIE METODE VAN ONDERSOEK

Die ondersoek het eerstens bestaan uit 'n huis-tot-huisopname om die bestedingspatroon van die inwoners van die gebied vir Januarie 1974 te bepaal en tweedens uit 'n opname by die handelaars en dienslewerende organisasies in die gebied om te bepaal watter persentasie van die goedere en dienste wat in die gebied verhandel word, ook in die gebied geproduseer word. Derdens is ook die besighede wat in aangrensende gebiede geleë is, besoek om te bepaal of daar enige terugvloei van inkomste van die aangrensende gebiede na die Isithebe-gebied toe plaasvind en indien wel, hoe groot die terugvloei is.

Die huis-tot-huisopname is deur Bantoeveldwerkers onder toesig van Blanke navorsers gedoen. Die Bantoeveldwerkers was almal in besit van minstens 'n standerd 8-sertifikaat en was of onderwysers of klerke van beroep.

Daar is van 'n gestrukteerde vraelys gebruik gemaak (kyk bylae A).

Die ondersoeke by die handelaars en diensorganisasies is deur die Blanke navorsers gedoen.

Uit die formule wat in paragraaf 2 aangegee word, blyk dat gegewens oor die addisionele bestedings en besparings wat sal volg op 'n klein verandering (toe- of afname) in inkomste nodig is vir die berekening van die vermenigvuldiger. Gevolglik sal dit nodig wees om minstens twee opnames van die bestedingspatrone van 'n land of gebied te maak alvorens die vermenigvuldiger bereken kan word. Die eerste opname moet dan geskied voor en die tweede een nadat daar 'n klein verandering in die inkomstestruktuur van die bevolking plaasgevind het.

Aangesien praktiese oorwegings egter die berekening van 'n vermenigvuldiger, voordat 'n tweede opname gemaak kan word, noodsaaklik maak, sal daar in hierdie studie uitgegaan word van die veronderstelling dat die inwoners van die gebied se bestedings- en besparingspatroon gefinansier uit 'n klein toename in inkomste presies dieselfde sal bly as hul bestedings- en besparingspatroon gefinansier uit hul huidige inkomste. So 'n aanname sal waarskynlik geldig wees in die geval van Bantoes, wat maar na aan die broodlyn lewe en gevolglik nie in staat en/of gewillig sal wees om op grond van 'n klein verandering in hul inkomste hul bestedingspatroon betekenisvol te verander nie.

## 5 DIE STEEKPROEF

Geeneen van die erkende metodes vir die trek van 'n gestratifieerde steekproef was in hierdie ondersoek moontlik nie omdat 'n groot persentasie van die inwoners van die gebied nie in 'n formele dorp met strate ensovoorts woonagtig is nie. Verder was dit, vanweë die feit dat 'n aansienlike persentasie van die werkers van die gebied skofte werk, baie moeilik om sommige van hulle tuis te vind vir ondervraging.

In die lig van bogenoemde is slegs seker gemaak dat die woonplek van die veldwerkers geografies goed verspreid is en hulle dan opdrag te gee om slegs persone wat in hul onmiddellike omgewing woonagtig is, te ondervra. Alle persone tussen 15 en 64 jaar wat in 'n huishouding aangetref is, is by die ondersoek betrek.

Aangesien daar geen gegewens aangaande die samestelling van die universum beskikbaar is nie, kan die verkreë steekproef nie met die universum vergelyk word nie. Met die oog op die beoordeling daarvan, vir sover as wat dit wel moontlik is, word enkele eienskappe daarvan in die volgende tabelle aangedui.

5.1 In tabel 5.1 word die beroepsverspreiding van die steekproef ontleed.

TABEL 5.1

BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Beroepsgroep | N | % |
|---|---|---|
| Professioneel en semi-professioneel | 59 | 15,5 |
| Tegnies | 16 | 4,2 |
| Bestuur en administratief | 6 | 1,6 |
| Klerk | 52 | 13,6 |
| Verkoopsman | 12 | 3,1 |
| Vervoer en kommunikasie | 16 | 4,2 |
| Diens | 9 | 2,4 |
| Ambag | 27 | 7,1 |
| Voorman en toesighouer | 1 | 0,3 |
| Operateur en halfgeskoold | 70 | 18,4 |
| Arbeider | 72 | 18,9 |
| Werkloos | 2 | 0,5 |
| Ander en ongeklassifiseerd | 12 | 3,1 |
| Huisvrou, pensionaris e.a. | 17 | 4,5 |
| TOTAAL | 381 | 100 |

Blykens tabel 5.1 wil dit voorkom asof die professionele en semi-professionele werkers en klerke moontlik oorverteenwoordig kan wees. Die rede daarvoor is waarskynlik die feit dat daar van onderwysers en klerke as veldwerkers gebruik gemaak is wat weer op hul vriende en kollegas ge=konsentreer het. Daar moet egter onthou word dat daar sewe skole in die gebied is en dat die aantal onderwysers dus moontlik nie buite verhouding hoog is nie.

Die getal operateurs en halfgeskoolde werkers in die steekproef kom heeltemaal normaal voor indien onthou word dat daar 'n groot papierfabriek op die grens van die gebied en vyf ander fabrieke in die gebied self geleë is.

5.2 In tabel 5.2 word die verspreiding van die steekproef volgens nywer=heidsektor aangetoon.

TABEL 5.1

BEROEPSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Beroepsgroep | N | % |
|---|---|---|
| Professioneel en semi-professioneel | 59 | 15,5 |
| Tegnies | 16 | 4,2 |
| Bestuur en administratief | 6 | 1,6 |
| Klerk | 52 | 13,6 |
| Verkoopsman | 12 | 3,1 |
| Vervoer en kommunikasie | 16 | 4,2 |
| Diens | 9 | 2,4 |
| Ambag | 27 | 7,1 |
| Voorman en toesighouer | 1 | 0,3 |
| Operateur en halfgeskoold | 70 | 18,4 |
| Arbeider | 72 | 18,9 |
| Werkloos | 2 | 0,5 |
| Ander en ongeklassifiseerd | 12 | 3,1 |
| Huisvrou, pensionaris e.a. | 17 | 4,5 |
| TOTAAL | 381 | 100 |

Blykens tabel 5.1 wil dit voorkom asof die professionele en semi-professionele werkers en klerke moontlik oorverteenwoordig kan wees. Die rede daarvoor is waarskynlik die feit dat daar van onderwysers en klerke as veldwerkers gebruik gemaak is wat weer op hul vriende en kollegas gekonsentreer het. Daar moet egter onthou word dat daar sewe skole in die gebied is en dat die aantal onderwysers dus moontlik nie buite verhouding hoog is nie.

Die getal operateurs en halfgeskoolde werkers in die steekproef kom heeltemaal normaal voor indien onthou word dat daar 'n groot papierfabriek op die grens van die gebied en vyf ander fabrieke in die gebied self geleë is.

5.2 In tabel 5.2 word die verspreiding van die steekproef volgens nywerheidsektor aangetoon.

TABEL 5.2

VERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP VOLGENS NYWERHEIDSEKTOR

| Nywerheidsektor | N | % |
|---|---|---|
| Landbou, bosbou en visvangs | 34 | 8,9 |
| Voedsel, drank en tabak | 18 | 4,7 |
| Tekstiel, klerasie en skoeisel | 4 | 1,0 |
| Hout en houtprodukte | 1 | 0,3 |
| Papier en papierprodukte | 164 | 43,0 |
| Chemikalieë | 6 | 1,6 |
| Metaalprodukte | 15 | 3,9 |
| Bou en konstruksie | 32 | 8,4 |
| Handel | 19 | 5,0 |
| Vervoer en kommunikasie | 7 | 1,8 |
| Owerheidsdienste | 2 | 0,5 |
| Onderwys | 44 | 11,5 |
| Ander professionele en persoonlike dienste | 16 | 4,2 |
| Werkloos | 2 | 0,5 |
| Huisvroue, pensionarisse ensovoorts | 17 | 4,5 |
| TOTAAL | 381 | 100 |

Met uitsondering van die aantal werkers in die onderwyssektor en gedagtig aan wat in die vorige paragraaf gesê is, kom die verspreiding van die ondersoekgroep volgens nywerheidsektor as heeltemal bevredigend voor.

5.3 Die geografiese verspreiding van die ondersoekgroep se werkplek word in tabel 4.3 ontleed.

TABEL 5.3

GEOGRAFIESE VERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP SE WERKPLEK

| Werkplek | N | % |
|---|---|---|
| Nyoni | 39 | 10,2 |
| Amatikulu | 20 | 5,2 |
| Ndulundi | 19 | 5,0 |
| Isithebe | 58 | 15,2 |
| Mandini | 166 | 43,6 |
| Elders | 60 | 15,7 |
| Werkloos | 2 | 0,5 |
| Huisvroue en pensionarisse e.a. | 17 | 4,5 |
| TOTAAL | 381 | 100 |

Blykens tabel 5.3 wil dit voorkom asof daar te veel persone wat in Nyoni werksaam is, in die ondersoekgroep is. Die verteenwoordiging van persone wat op die ander genoemde plekke werk, kom heeltemal normaal voor.

5.4 Die ouderdomsverspreiding van die ondersoekgroep word in tabel 5.4 ontleed.

TABEL 5.4

DIE OUDERDOMSVERSPREIDING VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Ouderdomsinterval | N | % |
|---|---|---|
| 15 - 19 | 5 | 1,3 |
| 20 - 24 | 33 | 8,7 |
| 25 - 29 | 71 | 18,6 |
| 30 - 34 | 89 | 23,4 |
| 35 - 39 | 89 | 23,4 |
| 40 - 44 | 44 | 11,5 |
| 45 - 49 | 28 | 7,3 |
| 50 - 54 | 12 | 3,2 |
| 55 - 59 | 7 | 1,8 |
| 60 - 64 | 3 | 0,8 |
| TOTAAL | 381 | 100 |

Kwartielouderdomme : $Q_1 = 41,2$
$Me = 45,7$
$Q_3 = 49,9$

Die ouderdomsverspreiding van die ondersoekgroep soos wat dit uit tabel 5.4 blyk, kom heeltemal normaal voor.

5.5 In tabel 5.5 word die kwalifikasiestruktuur van die ondersoekgroep ontleed.

Gedagtig aan wat in paragraaf 5.1 oor onderwysers gesê is, kom die kwalifikasiestruktuur van die ondersoekgroep voor as heeltemal in ooreenstemming met wat verwag kan word in 'n gebied soos hierdie waar werkgewers gesogte betrekkings teen aantreklike lone aanbied in 'n arbeidsmark waar sulke betrekkings baie skaars is. Die feit dat 46,5 persent van die ondersoekgroep (22,3 + 18,9 + 5 + 3) hoërskoolopleiding geniet het, moet dus glad nie as abnormaal beskou word nie. Ook die feit dat 8,1 persent (0,8 + 3,4 + 1,6 + 0,5 + 1,3 + 0,5) van die steekproef ambagsopleiding geniet het, kan as normaal beskou word in die lig van die feit dat daar 'n ambagskool vir Bantoes in die gebied geleë is.

TABEL 5.5

DIE KWALIFIKASIESTRUKTUUR VAN DIE ONDERSOEKGROEP

A Skoolopleiding

| Kwalifikasiepeil | N | % |
|---|---|---|
| Geen | 43 | 11,3 |
| Tot st. 2 | 39 | 10,2 |
| St. 3 tot st. 6 | 122 | 32,0 |
| Vorms 1 en 2 | 85 | 22,3 |
| Vorms 3 en 4 | 72 | 18,9 |
| Vorm 5 | 20 | 5,3 |
| TOTAAL | 381 | 100 |

B Naskoolse opleiding

| | N | % |
|---|---|---|
| Geen | 295 | 77,4 |
| Handelsopleiding | 3 | 0,8 |
| Onderwysersopleiding | 42 | 11,0 |
| Verplegingsopleiding | 8 | 2,1 |
| Landbouopleiding | 2 | 0,5 |
| Ambagsopleiding | | |
| Motorambagte | 3 | 0,8 |
| Messel en pleister | 13 | 3,4 |
| Timmerman | 6 | 1,6 |
| Metaalambagte | 2 | 0,5 |
| Sweis | 5 | 1,3 |
| Ander | 2 | 0,5 |
| TOTAAL | 381 | 100 |

5.6 In tabel 5.6 word die ondersoekgroep ontleed volgens die afstand tussen die werkers se werk- en woonplek.

Gedagtig aan die ligging van die vernaamste werkgewers se fabrieke en besighede en die verspreiding van die inwoners se woonplekke soos wat dit ter plaatse waargeneem kan word, wil dit voorkom asof die ondersoekgroep ook ten opsigte van hierdie kriterium heeltemal normaal verspreid is.



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

TABEL 5.6

VERSPREIDING VAN ONDERSOEKGROEP VOLGENS AFSTAND VAN WERKPLEK

| Afstand in myl | N | % |
|---|---|---|
| Tot 1 myl | 85 | 22,3 |
| 1 tot 2 myl | 189 | 49,6 |
| 3 tot 4 myl | 54 | 14,2 |
| 5 tot 9 myl | 17 | 4,5 |
| 10 tot 14 myl | 9 | 2,4 |
| 15 tot 19 myl | 2 | 0,5 |
| 20 tot 29 myl | 2 | 0,5 |
| Meer as 29 myl | 4 | 1,0 |
| Werkloos | 2 | 0,5 |
| Huisvroue, pensionarisse e.a. | 17 | 4,5 |
| TOTAAL | 381 | 100 |

5.7 Verspreiding van die ondersoekgroep volgens tipe vervoer waarvan daar gebruik gemaak word om werkplek te bereik.

TABEL 5.7

TIPE VERVOER WAT DEUR ONDERSOEKGROEP GEBRUIK WORD

| Tipe vervoer | N | % |
|---|---|---|
| Stap | 225 | 59,1 |
| Trapfiets | 85 | 22,3 |
| Trein | 5 | 1,3 |
| Bus | 37 | 9,7 |
| Motor | 8 | 2,1 |
| Motorfiets | 2 | 0,5 |
| Werkloos | 2 | 0,5 |
| Huisvrou, pensionaris e.a. | 17 | 4,5 |
| TOTAAL | 381 | 100 |

In die lig van die afstande wat die werkers van hul woonplekke werksaam is (kyk tabel 5.6), wil dit voorkom asof die verspreiding van die ondersoekgroep, volgens tipe vervoer waarvan daar gebruik gemaak word, heeltemal normaal is.

5.8 Die werkstatus van die ondersoekgroep word in tabel 5.8 ontleed.

TABEL 5.8

DIE WERKSTATUS VAN DIE ONDERSOEKGROEP

| Werkstatus | N | % |
|---|---|---|
| Permanente betrekking | 332 | 87,1 |
| Tydelike betrekking | 23 | 6,0 |
| Werkloos en soek werk | 2 | 0,5 |
| Vrywillig buite arbeidsmark | 4 | 1,0 |
| Huisvroue en pensionarisse | 13 | 3,4 |
| Ander (insluitende selfgeëmplojeerd) | 7 | 1,8 |
| TOTAAL | 381 | 100 |

Blykens tabel 5.8 wil dit voorkom asof daar te min huisvroue in die steekproef ingesluit is. Ook indien in gedagte gehou word dat 80 van die 381 persone in die steekproef vroulik is en dat almal behalwe 13 van hulle voltydse betrekkings beklee, wil dit ook voorkom asof die geslagsverdeling van die steekproef skeef is. Die veldwerkers het egter beweer dat aange=sien min van die vroue verantwoordelik is vir normale gesinsinkope, kon hulle nie genoeg vroue, hetsy huisvroue of werkende vroue, teekom wat 'n betekenisvolle bestedingspatroon kon rapporteer nie.

Of die oënskynlike onderverteenwoordiging van vroue en huisvroue in die steekproef die resultate van die steekproef onbetroubaar maak of nie, kan nie met sekerheid gesê word nie.

Dit is egter te betwyfel of die berekende vermenigvuldiger deur steekproefafwykings noemenswaardig beïnvloed kan word.

## 6 DIE INKOMSTE EN BESTEDINGSPATROON

In tabel 6.1 en tabel 6.2 word die inkomste en bestedingspatroon van 381 bewoners van die gebied vir Januarie 1974 ontleed.

Blykens tabel 6.1 is die gemiddelde inkomste van die respondente R118-38 wat R19-42 meer is as hul gemiddelde maandelikse bestedings soos wat dit uit tabel 6.2 blyk te wees. Hierdie toedrag van sake kan waarskynlik aan die volgende oorsake, wat almal tydens ondervraging van respondente na vore gekom het, toegeskryf word.

6.1 Sommige respondente beskou waarskynlik slegs bedrae wat formeel in 'n spaarrekening by 'n bank of bougenootskap gedeponeer is, as gespaar. Bedrae wat in die huis in 'n "sweetdoek" gehou word vir latere gebruik, is nie as besparing beskou nie en dus nêrens onder bestedings opgegee nie. Dit was veral die geval met persone wat 'n paar akker suikerriet besit en wat in Januarie 1974 riet verkoop het. Dit beloop in sommige gevalle honderde rand waarvan die besteding oor 12 of 18 maande heen uitgestrek word. Daar kan aanvaar word dat die uitgestelde bestedings, wanneer dit uiteindelik gaan plaasvind, volgens die patroon soos wat in tabel 6.2 aangetoon is, sal plaasvind.

Indien hierdie gebruik egter groot bedrae vir lang termyne uit die bestedingstroom onttrek, kan dit die vermenigvuldiger aansienlik verlaag. Geskied dit egter slegs om 'n inkomste wat slegs een keer per oesseisoen ontvang word oor 12 of 18 maande se uitgawes heen te versprei, het dit weinig invloed op die grootte van die vermenigvuldiger.

6.2 In die vraelys word slegs voorsiening gemaak vir paaiemente op lening. Terugbetaling van 'n hele lening is waarskynlik in sommige gevalle nie opgegee nie.

6.3 In die vraelys word slegs voorsiening gemaak vir paaiemente op meubels, ensovoorts en nie vir deposito's, kontant aankope en vooruitbeta= lings nie, wat gevolglik in sommige gevalle nie opgegee is nie.

6.4 Die lys van bestedings is baie beperk met die gevolg dat baie items waarop geld bestee is, vergeet is en nie onder die opskrif "ander" bygetel is nie. Vir die maand Januarie was veral die items skoolboeke, -klere en -gelde 'n baie belangrike uitgawe wat waarskynlik in baie gevalle nie opgegee is nie.

TABEL 6.1

DIE INKOMSTEPATROON VAN DIE BEWONERS VAN DIE ISITHEBE-GEBIED

| Tipe inkomste | Bedrag Rand |
|---|---|
| Loon | 40044 |
| Pensioen | 112 |
| Bydraes tot huishoudelike uitgawes van iemand in Kwa-Zulu | 1986 |
| Bydraes tot huishoudelike uitgawes van iemand buite Kwa-Zulu | 1404 |
| Toevallige inkome | 1558 |
| TOTAAL | R45104 |

Aantal persone = 381
Gemiddelde inkomste = R118-38

TABEL 6.2

MAANDELIKSE BESTEDINGSPATROON VAN DIE BEWONERS VAN DIE <u>ISITHEBE-GEBIED</u>

| Item | Maandelikse besteding | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Binne die Isithebe-gebied | | | Buite die Isithebe-gebied | | | Totaal | | |
| | R | C | % | R | C | % | R | C | % |
| Bydraes tot huishoudelike uitgawes | 2055 | 45 | 31,0 | 4582 | 45 | 69,0 | 6637 | 90 | 100 |
| Belasting op huis (eenmalige stambelasting) | 126 | 67 | 74,7 | 43 | 02 | 25,3 | 169 | 69 | 100 |
| Elektrisiteit en water | 15 | 40 | 69,7 | 6 | 70 | 30,3 | 22 | 10 | 100 |
| Brandstof (hout en steenkool) | 130 | 01 | 28,4 | 328 | 44 | 71,6 | 458 | 45 | 100 |
| Brandstof (paraffien) | 261 | 31 | 27,6 | 686 | 53 | 72,4 | 947 | 84 | 100 |
| Vleis en vis | 237 | 47 | 9,6 | 2225 | 46 | 90,4 | 2462 | 93 | 100 |
| Vrugte en groente | 116 | 36 | 10,9 | 953 | 52 | 89,1 | 1069 | 88 | 100 |
| Brood | 136 | 34 | 20,8 | 518 | 67 | 79,2 | 655 | 01 | 100 |
| Meel (mielies, koring en sorghum) | 476 | 60 | 51,0 | 457 | 61 | 49,0 | 934 | 21 | 100 |
| Stampmielies en rys | 92 | 50 | 12,4 | 655 | 95 | 87,6 | 748 | 45 | 100 |
| Ander kruideniersware | 584 | 16 | 10,1 | 5216 | 76 | 89,9 | 5800 | 92 | 100 |
| Besparings | 553 | 00 | 17,0 | 2702 | 70 | 83,0 | 3255 | 70 | 100 |
| Medisyne en dokter | 115 | 79 | 11,3 | 912 | 91 | 88,7 | 1028 | 70 | 100 |
| Skryfbehoeftes | 39 | 24 | 21,9 | 140 | 14 | 78,1 | 179 | 38 | 100 |
| Toiletware | 49 | 98 | 8,3 | 552 | 57 | 91,7 | 602 | 55 | 100 |
| Rookgoed | 189 | 73 | 39,5 | 290 | 82 | 60,5 | 480 | 55 | 100 |
| Drank | 815 | 24 | 47,5 | 900 | 51 | 52,5 | 1715 | 75 | 100 |
| Kerkbydraes | 266 | 03 | 75,2 | 87 | 92 | 24,8 | 353 | 95 | 100 |
| Vervoer (bus of trein) | 200 | 99 | 36,2 | 353 | 57 | 63,8 | 554 | 56 | 100 |
| Vervoer (taxi) | 47 | 90 | 21,8 | 171 | 92 | 78,2 | 219 | 82 | 100 |
| Vervoer (brandstof, olie en reparasies vir eie voertuig) | 90 | 80 | 30,5 | 206 | 70 | 69,5 | 297 | 50 | 100 |
| Kombuisware | 231 | 42 | 26,6 | 638 | 29 | 73,4 | 869 | 71 | 100 |
| Beddegoed | 178 | 61 | 16,0 | 938 | 49 | 84,0 | 1117 | 10 | 100 |
| Klerasie | 361 | 00 | 10,2 | 3163 | 35 | 89,8 | 3524 | 35 | 100 |
| Assuransiepremies | 26 | 51 | 22,2 | 93 | 04 | 77,8 | 119 | 55 | 100 |
| Paaiemente op meubels | 77 | 49 | 5,2 | 1414 | 26 | 94,8 | 1491 | 75 | 100 |
| Paaiemente op motor | 10 | 45 | 7,6 | 126 | 55 | 92,4 | 137 | 00 | 100 |
| Paaiemente op lening | 62 | 22 | 38,9 | 97 | 56 | 61,1 | 159 | 78 | 100 |
| Ander paaiemente | 107 | 67 | 50,4 | 105 | 98 | 49,6 | 213 | 65 | 100 |
| Huishuur | 773 | 58 | 82,9 | 160 | 06 | 17,1 | 933 | 64 | 100 |
| Ander | 235 | 43 | 43,4 | 306 | 67 | 56,6 | 542 | 10 | 100 |
| TOTAAL | 8665 | 35 | 23,0 | 29039 | 12 | 77,0 | 37704 | 47 | 100 |

Gemiddelde besteding = R98-96

Dit wil egter voorkom asof die vermenigvuldiger wat op grond van die syfers in tabel 6.2 bereken gaan word ietwat hoër kan wees as wat dit behoort te wees.

Dit blyk ook uit tabel 6.2 dat die bewoners van die gebied slegs 23 persent van hulle totale bestedings in die gebied doen terwyl 77 per= sent van hul aankope in aangrensende (Blanke) gebiede gedoen word. Hier= die verskynsel het natuurlik, soos reeds in paragraaf 2 verduidelik is, 'n Betekenisvolle invloed op die grootte van die vermenigvuldiger vir die gebied. Veral die besighede wat binne enkele meters van die grense van bantoedorpe af geleë is, wat ook in hierdie gebied aangetref word, het tot gevolg dat owerheidsbeleid ten opsigte van tuislandontwikkeling en die verhoging van die lewenstandaard van die Bantoe, gedwarsboom word.

## 7 OORSPRONG VAN DIE GOEDERE EN DIENSTE WAT DEUR DIE BEWONERS VAN DIE ISITHEBE-GEBIED PLAASLIK AANGEKOOP IS

In tabel 7.1 word die oorsprong van die goedere en dienste wat deur die bewoners van die gebied in hul eie gebied aangekoop is,aangetoon.

Dit was nie moontlik om in alle gevalle presies te bepaal watter persentasie van die goedere en dienste wat in die betrokke gebied verhandel is, plaaslik geproduseer is nie. Die persentasies wat in tabel 7.1 aange= gee word, moet derhalwe beskou word as ramings gebaseer op kennis van per= sone wat vertroud is met plaaslike omstandighede en inligting wat die drie persone wat vir die opname verantwoordelik was, plaaslik kon inwin.

Daar moet ook op gelet word dat onder die begrip plaaslike produksie ook dienste soos versameling, opberging, verspreiding, finansiering ensovoorts ingesluit word, aangesien die koste verbonde aan sulke dienste almal deel is van die waarde wat tot handelsartikels toegevoeg word op hul weg van die produsent tot by die finale verbruiker. Hieronder volg nou 'n verdui= deliking van die metodes wat gevolg is om die verskillende persentasies te bepaal.

TABEL 7.1

OORSPRONG VAN DIE GOEDERE EN DIENSTE WAT DEUR DIE BEWONERS VAN DIE ISITHEBE-GEBIED PLAASLIK AANGEKOOP IS

| Item | Ingevoer | | | Plaaslik geproduseer | | | Totaal | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bedrag | | % | Bedrag | | % | Bedrag | | % |
| | R | C | | R | C | | R | C | |
| Bydrees tot huishoudelike uitgawes | 1904 | 17 | 93 | 151 | 28 | 7 | 2055 | 45 | 100 |
| Belasting op huis (eenmalige stambelasting) | | | | 126 | 67 | 100 | 126 | 67 | 100 |
| Elektrisiteit en water | 14 | 94 | 97 | | 46 | 3 | 15 | 40 | 100 |
| Brandstof (hout en steenkool) | 110 | 51 | 85 | 19 | 50 | 15 | 130 | 01 | 100 |
| Brandstof (paraffien) | 222 | 11 | 85 | 39 | 20 | 15 | 261 | 31 | 100 |
| Vleis en vis | 178 | 10 | 75 | 59 | 37 | 25 | 237 | 47 | 100 |
| Vrugte en groente | 98 | 90 | 85 | 17 | 45 | 15 | 116 | 36 | 100 |
| Brood | 122 | 71 | 91 | 13 | 63 | 10 | 136 | 34 | 100 |
| Meel (mielies, koring en sorghum) | 414 | 64 | 87 | 61 | 96 | 13 | 476 | 60 | 100 |
| Stampmielies en mielierys | 80 | 47 | 87 | 12 | 03 | 13 | 92 | 50 | 100 |
| Ander kruideniersware | 438 | 12 | 75 | 146 | 04 | 25 | 584 | 16 | 100 |
| Medisyne en dokter | 86 | 84 | 75 | 28 | 95 | 25 | 115 | 79 | 100 |
| Skryfbehoeftes | 32 | 57 | 83 | 6 | 67 | 17 | 39 | 24 | 100 |
| Toiletware | 34 | 99 | 70 | 14 | 99 | 30 | 49 | 98 | 100 |
| Rookgoed | 166 | 96 | 88 | 22 | 77 | 12 | 189 | 73 | 100 |
| Drank | 774 | 48 | 95 | 40 | 76 | 5 | 815 | 24 | 100 |
| Kerkbydraes | 186 | 22 | 70 | 79 | 81 | 30 | 266 | 03 | 100 |
| Vervoer (bus of trein) | 180 | 89 | 90 | 20 | 10 | 10 | 200 | 99 | 100 |
| Vervoer (taxi) | 38 | 32 | 80 | 9 | 58 | 20 | 47 | 90 | 100 |
| Vervoer (brandstof, olie en reparasies aan eie motor) | 86 | 26 | 95 | 4 | 54 | 5 | 90 | 80 | 100 |
| Kombuisware | 115 | 71 | 50 | 115 | 71 | 50 | 231 | 42 | 100 |
| Beddegoed | 89 | 30 | 50 | 89 | 31 | 50 | 178 | 61 | 100 |
| Klerasie | 216 | 60 | 60 | 144 | 40 | 40 | 361 | 00 | 100 |
| Assuransiepremies | 26 | 51 | 100 | | | 0 | 26 | 51 | 100 |
| Paaiement op meubels | 42 | 62 | 55 | 34 | 87 | 45 | 77 | 49 | 100 |
| Paaiement op motor | 10 | 45 | 100 | | | 0 | 10 | 45 | 100 |
| Paaiement op lening | 46 | 66 | 75 | 15 | 56 | 25 | 62 | 22 | 100 |
| Ander paaiemente | 53 | 83 | 50 | 53 | 84 | 50 | 107 | 67 | 100 |
| Huishuur | 146 | 98 | 19 | 626 | 60 | 81 | 773 | 58 | 100 |
| Ander | 117 | 71 | 50 | 117 | 72 | 50 | 235 | 43 | 100 |
| TOTAAL | 6038 | 58 | 74 | 2073 | 77 | 26 | 8112 | 35 | 100 |

7.1 In die geval van bydraes tot huishoudelike uitgawes is aanvaar dat die bedrae deur die ontvangers bestee sal word presies soos wat alle ander bedrae gespandeer is. Gevolglik is aanvaar dat 23 persent daarvan binne die Isithebe-gebied bestee sal word en 77 persent buite die gebied. Verder is aanvaar dat die bedrag wat binne die gebied bestee is, op dieselfde wyse as al die ander bedrae wat binne die gebied bestee is, tussen ingevoerde en plaaslike geproduseerde goedere en dienste verdeel sal word.

7.2 Die eenmalige stambelasting op woonhuise kom in die stamfonds en daar is aanvaar dat dit uiteindelik ten volle in die gebied bestee sal word.

7.3 Die elektrisiteit en water wat in die gebied verbruik word, en waarvoor betaal moet word, word alles van die Mandini-papierfabriek aangekoop. Slegs die lone van die Bantoewerkers in die kragsentrale en watersuiweringswerke kom na die gebied toe terug en dit beloop volgens kragstasie- en waterwerkebestuurders wat oor die onderwerp geraadpleeg is, nie meer as drie persent van die totale koste nie.

7.4 Alle mediese dienste met uitsluiting van gratis mediese dienste, asook die enigste apteek wat vir die inwoners van die gebied beskikbaar is, is buite die gebied geleë. Gevolglik kan aanvaar word dat die plaaslik bestede bedrag alles op patente medisyne bestee is. Volgens ingewinde inligting word daar omtrent 25 persent bruto wins op patente medisynes gemaak.

7.5 Volgens inligting ingewin van sendelinge bly hoogstens 30 persent van 'n sendingkerk se inkomste uiteindelik in die onmiddellike omgewing van 'n sendingkerk.

7.6 Sover vasgestel kan word het geen versekeringsmaatskappy of begrafnisondernemer enige voltydse verteenwoordiger in die Isithebe-gebied nie. Dit wil dus voorkom asof alle assuransiepremies die gebied verlaat.

7.7 Die plaaslik betaalde motorpaaiement gaan na een persoon wat dit net so gebruik om aan 'n garage buite die gebied as paaiement op sy nuwe motor te betaal. Daar kan aanvaar word dat dit in alle ander moontlike gevalle dieselfde sal wees aangesien daar geen motorhandelaar in die gebied is nie.

7.8 Paaiemente op lenings word waarskynlik hoofsaaklik aan plaaslike onwettige geldskieters betaal wat sover vasgestel kon word ongeveer 25 persent rente vra.

7.9 Aangesien die aard van "ander paaiemente" en ander uitgawes onbekend is, is daar besluit om te aanvaar dat 50 persent daarvan die gebied verlaat.

7.10 Huishuur, wat plaaslik betaal word, gaan hoofsaaklik na die departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling en ongeveer 81 persent daarvan word gebruik vir die administrasie en onderhoud van die dorp.

7.11 In die geval van alle ander items is die bruto winspersentasies wat handelaars op sodanige items maak, geneem as die persentasie wat plaaslik geproduseer word. Die bruto winspersentasies is bepaal met die hulp van beamptes van die BBK wat intieme kennis dra van die winsgewendheid van sodanige besighede. In die geval van drank is ook in ag geneem dat die enigste drankhandelaars in die gebied aan die BBK behoort en dat die netto wins wat gemaak word weer die gebied verlaat.

Dit word besef dat die een of ander persentasie van 'n handelaar se bedryfskoste die gebied onmiddellik verlaat en dat die berekende vermenigvuldiger as gevolg daarvan nog kleiner sal wees as die een wat hieronder bereken gaan word. Die verskil sal waarskynlik so klein wees dat dit maar geïgnoreer kan word.

Blykens tabel 7.1 word slegs 26 persent van die goedere en dienste wat deur die bewoners van die Isithebe-gebied in hul eie gebied aangekoop word plaaslik (d.w.s. in die Isithebe-gebied) geproduseer, terwyl 74 persent daarvan ingevoer word.

## 8 DIE ROL VAN BELASTING

Uit die formule wat in paragraaf 2 aangegee is, is dit duidelik dat belastings, beide direkte en indirekte belastings, by die berekening van die vermenigvuldiger in berekening gebring moet word. In hierdie berekenings sal dit egter nie gedoen word nie en wel om die volgende redes.

8.1 Deur indirekte belastings, dit wil sê koopbelasting en doeane en aksynsbelastings, wat almal die gebied verlaat, afsonderlik in rekening te bring, word een vorm van dreinering uit die plaaslike bestedingstroom slegs vervang met 'n ander vorm van dreinering aangesien sulke belastings hoofsaaklik op goedere wat in die gebied ingevoer word, gehef word.

8.2 Direkte belastings verteenwoordig 'n baie klein persentasie van die gebied se inkome en word in die meeste gevalle volgens die lopende betaal-stelsel van die werker se lone afgetrek. Navrae het getoon dat die werkers hul lone gewoonlik opgee as die netto bedrag na aftrekking van direkte belastings.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat die werklike vermenigvuldiger vir die gebied heelwaarskynlik ietwat kleiner sal wees as die een wat bereken word indien belastings ten volle in berekening gebring word. Die verskil sal egter waarskynlik so klein wees dat dit nie 'n betekenisvolle verskil aan die saak sal maak nie.

## 9 BEREKENING VAN DIE VERMENIGVULDIGER VIR DIE ISITHEBE-GEBIED

Op grond van die syfers in tabelle 6.2 en 7.1 is die vermenigvuldiger vir die Isithebe-gebied as volg:

$$K = \frac{1}{1 - \frac{2073.77}{37704.47}}$$

$$= 1,058$$

## 10 TERUGVLOEI VAN BESTEDINGS IN AANGRENSENDE GEBIEDE

'n Groot persentasie van die bewoners van die Isithebe-gebied se maandelikse bestedings buite die gebied geskied by besighede wat vlak teen die grense van die gebied geleë is. In die geval van sulke besighede is daar in samewerking met die bestuur besluit op 'n persentasie terugvloei van die bewoners van die Isithebe-gebied se aankope na die Isithebe-gebied toe.

In tabel 10.1 word die persentasies en bedrae wat as sodanige terugvloei beskou kan word, aangetoon.

TABEL 10.1

TERUGVLOEI VAN BESTEDINGS IN AANGRENSENDE GEBIEDE

| Item | Bestedinge buite die Isithebe-gebied | | Terugvloei vanaf aangrensende gebiede | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | R | C | % | R | C |
| Brandstof (hout en steenkool) | 328 | 44 | 6 | 19 | 71 |
| Brandstof (paraffien) | 686 | 53 | 4 | 27 | 46 |
| Vleis en vis | 2225 | 46 | 15 | 333 | 82 |
| Vrugte en groente | 953 | 52 | 10 | 96 | 35 |
| Brood | 518 | 67 | 2 | 10 | 37 |
| Meel (mielies, koring en sorghum) | 457 | 61 | 4 | 18 | 30 |
| Stampmielies en rys | 655 | 95 | 4 | 26 | 24 |
| Ander kruideniersware | 5216 | 76 | 4 | 208 | 67 |
| Medisyne en dokter | 912 | 91 | 2 | 18 | 26 |
| Skryfbehoeftes | 140 | 14 | 2 | 2 | 80 |
| Toiletware | 552 | 57 | 3 | 16 | 58 |
| Rookgoed | 290 | 82 | 3 | 8 | 72 |
| Drank | 900 | 51 | 4 | 36 | 02 |
| Vervoer (bus of trein) | 353 | 57 | 10 | 35 | 36 |
| Vervoer (taxi) | 171 | 92 | 15 | 25 | 79 |
| Vervoer (brandstof olie en reparasies vir eie voertuig) | 206 | 70 | 5 | 10 | 34 |
| Kombuisware | 638 | 29 | 3 | 19 | 15 |
| Beddegoed | 938 | 49 | 3 | 28 | 15 |
| Klerasie | 3163 | 35 | 3 | 94 | 90 |
| Paaiemente op meubels | 1414 | 26 | 1 | 14 | 14 |
| Paaiemente op motors | 126 | 55 | 1 | 1 | 27 |
| TOTAAL | 20853 | 02 | | 1051 | 40 |

In die meerderheid van die gevalle het die enigste vorm van terug=vloei wat waargeneem kan word, uit Bantoelone by die grensbesighede bestaan. Die enigste ander vorms van terugvloei wat waargeneem kan word, was aankope van groente en lewende hawe deur besighede op die grense van bewoners van die Isithebe-gebied en die verdienstes van Isithebe huurmotor- en bus=eienaars buite die gebied.

Indien die terugvloei bedrae soos wat dit uit tabel 10.1 blyk, ook in berekening gebring word, is die vermenigvuldiger vir Isithebe soos volg:

$$K = \frac{1}{1 - \frac{(2023,77 + 1081,40)}{37704,47}}$$

$$= 1,090$$

## 11 BETROUBAARHEID VAN DIE BEREKENDE VERMENIGVULDIGER

In 'n poging om vas te stel of die vermenigvuldiger wat hierbo bereken is, enigsins met die werklikheid verband hou, is daar ook gepoog om die sogenaamde arbeidsvermenigvuldiger vir die Isithebe-gebied te bereken.

Die arbeidsvermenigvuldiger is die totale toename in werkgeleenthede wat sal ontstaan na 'n toename in basiese werkgeleenthede in 'n gebied waarvan die ekonomie in ewewig was voor die versteuring. Die gebruiklike formule is:

$$Ka = \frac{Ab + Aa}{Ab}$$

waar

Ka = arbeidsvermenigvuldiger
Aa = afhanklike werkgeleenthede
Ab = basiese werkgeleenthede

Die arbeidsvermenigvuldiger is eerstens bereken vir die tydperk 1962 tot 1971. Dit is die tydperk na die papierfabriek te Mandini op die grens van die Isithebe-gebied gevestig is, maar voordat die eerste nywerhede op Isithebe gevestig is.

Die basiese indiensneming van die Mandini-papierfabriek in 1971 was 2754 en in 1974 is dit 2749. Indiensneming in die Isithebe-fabrieke het in Augustus 1974 op 397 te staan gekom.

In tabel 11.1 verskyn die afhanklike werkgeleenthede wat in die Isithebe-gebied van 1962 tot 1974 ontstaan het.

## TABEL 11.1

### AFHANKLIKE WERKGELEENTHEDE WAT TUSSEN 1962 EN 1974 IN DIE ISITHEBE-GEBIED ONTSTAAN HET

| Werkgewer | Werkgeleenthede | |
|---|---|---|
| | 1962–1971 | 1971–1974 |
| Sentrale en plaaslike owerhede | 127 | 65 |
| Handel | 40 | 19 |
| Kerk | 9 | |
| Ander diensleweraars | 9 | |
| TOTAAL | 185 | 84 |

Op grond van die syfers in tabel 11.1 en die indiensnemingsyfers van die Mandini-papierfabriek en die Isithebe-fabrieke kan die volgende arbeidsvermenigvuldigers bereken word:

$$Ka\ (1971) = \frac{Ab + Ae}{Ab}$$

$$= \frac{2754 + 185}{2754}$$

$$= 1,06$$

$$Ka\ (1974) = \frac{397 + 84}{397}$$

$$= 1,21$$

Aangesien die proses van nywerheidsvestiging in Isithebe tans nog aan die gang is, die jongste fabriek pas met produksie begin het, kan daar nie aanvaar word dat die plaaslike ekonomiese stelsel aldaar in ewewig is nie. Gevolglik kan daar ook nie aanvaar word dat die vermenigvuldigeraksie wat op die skepping van basiese werkgeleenthede in Isithebe sal volg, al= reeds afgeloop is nie.

Verder is daar ook heel onlangs 'n fabriek te Amatikulu gevestig vir die vervaardiging van "bagasabord" wat basiese werkgeleenthede aan inwoners van die Isithebe-gebied verskaf (kyk tabel 5.3). Gevolglik kan daar nie beweer word dat die toename in afhanklike werkgeleenthede in die Isithebe-gebied net die gevolg is van nywerheidsvestiging op Isithebe nie. Enige berekende arbeidsvermenigvuldiger vir die tydperk 1971 tot 1974 vir die Isithebe-gebied moet dus versigtig geïnterpreteer word.

Op grond van die arbeidsvermenigvuldiger wat vir 1971 bereken is, wil dit egter voorkom asof die bestedingsvermenigvuldiger wat in paragrawe 9 en 10 bereken is, redelik betroubaar is en as sodanig 'n handige instru= ment by die verdere beplanning van die Isithebe-gebied is.

## 12 SLOTOPMERKINGS

12.1 Indien in gedagte gehou word dat die vermenigvuldiger vir die Republiek van Suid-Afrika ongeveer 3 is, dan is dit duidelik dat daar in die Isithebe-gebied nie juis sprake van 'n noemenswaardige vermenigvuldiger= aksie is nie. Die grootte van die berekende vermenigvuldiger dui daarop dat daar tans weinig, indien enige, werkgeleenthede in die gebied sal ont= staan bo en behalwe dié wat deur direkte owerheidsoptrede geskep word. Die enkeles wat wel as gevolg van vermenigvuldigeraksie mag ontstaan, sal waar= skynlik almal in die handel- en diensteseKtore ontstaan.

12.2 Uit die syfers in hierdie verslag blyk duidelik dat die vestiging van groeipunte op die grense van Blankegebiede waar Blankekapitaal en sake= vernuf met die Bantoe-ondernemer kan kompeteer, nie bevorderlik vir die owerheid se beleid van tuislandontwikkeling en verhoging van die Bantoe se lewenstandaard is nie.

BYLAE A

HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

INSTITUTE FOR MANPOWER RESEARCH

THE ECONOMIC STRUCTURE OF GROWTHPOINTS IN THE HOMELANDS

1 | | | | | | | | Record Number 1–7

2 Sex? Male [1] Female [2] 8

3 How old are you?

| 15–19 | 20–24 | 25–29 | 30–34 | 35–39 | 40–44 | 45–49 | 50–54 | 55–59 | 60–64 | 65+ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 01 | 02 | 03 | 04 | 05 | 06 | 07 | 08 | 09 | 10 | 11 |

9–10

4 School qualifications?

| None | Sub Std A to Std 2 | Std 3–6 | Form 1–2 | Form 3–4 | Form 5 |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

11

5 (a) Have you obtained any post-school qualifications? [Yes] [No]

(b) If yes, what kind? ..............................

.............................................. [ | ] 12–13

6 (a) Are you an artisan? [Yes] [No]

(b) If yes, what kind?

| None | Electrical | Motor | Brick/ plasterer | Cabinet-maker | Carpenter | Welder |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |

| Plate metal | Other metal | Other |
|---|---|---|
| 7 | 8 | 9 |

14

(c) How were you trained to become an artisan?

Combination of apprenticeship and technical college 1

Attended trade school or technical college only 2

Did a trade test only and/or completed an appren= ticeship only 3

Received in-service training only 4 15

7 Have you got a job at this moment?

Yes – Permanent job 1

Yes – Casual job (temporary) 2

No – Unemployed but looking for a job 3

No – Unemployed but not looking for a job 4

No – Unable to work (disabled) 5

No – Pensioner or housewife 6 16

ONLY THOSE WHO ARE UNEMPLOYED AND ARE LOOKING FOR A JOB

8 (a) You say you are looking for work

What kind of work would you like?

.............................................

............................................. 17–20

(b) What kind of work have you done in your last job?

.............................................

............................................. 21–24

ONLY THOSE WHO ARE EMPLOYED

.............................................

............................................. 25–28

10 For whom do you work?

.............................................

.............................................

11 What is your employer's main business or function?

.............................................

............................................. 29–30

12 Where do you work?

Nyoni [1]
Amatikulu [2]
Ndulundi [3]
Isithebe [4]
Mandini [5]
Other places [6] 31

13 How far are you from your place of work?

1 Less than 1 mile [1]
2 1–2 miles [2]
3 3–4 miles [3]
4 5–9 miles [4]
5 10–14 miles [5]
6 15–19 miles [6]
7 20–29 miles [7]
8 30 miles or further [8] 32

14 How do you usually get to work every day?

1 By walking [1]
2 By cicycle [2]
3 By train [3]
4 By bus [4]
5 By taxi [5]
6 By other motor car [6]
7 By motor cycle [7] 33

15 What kind of income and how much did you receive last month?

(a) Wage/Salary (after deduction of tax) [ | | ] 34–36
(b) Communal saving (Mogodiso)
(c) Pension [ | | ] 37–39
(d) Contributions to your household expenditure by somebody outside Bophuthatswana [ | | ] 40–42
(e) Contributions to your household expenditure by somebody inside Bophuthatswana [ | | ]
(f) Incidental income/other income [ | | ] 46–48

| Card I | 75 |
|---|---|
| Project Number M2922 | |

| | | Record number | | | 1–7 |
|---|---|---|---|---|---|
| 16 | Details of expenditure during previous month | Area of investigation | | Elsewhere | |
| | | R | C | R | C | |

| | | R | C | | R | C | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Contribution to household expenditure | | | 8–11 | | | 12–15 |
| 2 | Taxation (in respect of residence) | | | 16–19 | | | 20–23 |
| 3 | Electricity | | | 24–27 | | | 28–31 |
| 4 | Fuel (wood, coal) | | | 32–35 | | | 36–39 |
| 5 | Paraffin | | | 40–43 | | | 44–47 |
| 6 | Polish | | | 48–51 | | | 52–55 |
| 7 | Soap and other cleaning materials | | | 56–59 | | | 60–63 |
| 8 | Meat and fish | | | 64–67 | | | 68–71 |

| | |
|---|---|
| Card 2 | 75 |
| Project Number M2922 | 76–80 |

Record Number | | | | | | | | 1–7

| | | R | C | | R | C | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 9 | Meal (maize, corn, wheat) | | | 8–11 | | | 12–15 |
| 10 | Bread | | | 16–19 | | | 20–23 |
| 11 | Stampmealies/rice | | | 24–27 | | | 28–31 |
| 12 | Mabele | | | 32–35 | | | 36–39 |
| 13 | Coffee | | | 40–43 | | | 44–47 |
| 14 | Sugar | | | 48–51 | | | 52–55 |
| 15 | Groceries (other) | | | 56–59 | | | 60–63 |
| 16 | Vegetables and fruit | | | 64–67 | | | 68–71 |

| | |
|---|---|
| Card 3 | 75 |
| Project Number M2922 | 76–80 |

Record number [ | | | | | | ] 1–7

| | | R | C | | R | C | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 17 | Saving (not communal saving) | | | 8–11 | | | 12–15 |
| 18 | Saving (communal, mogodiso) | | | | | | |
| 19 | Medicine, doctor etc. | | | 16–19 | | | 20–23 |
| 20 | Stationery | | | 24–27 | | | 28–31 |
| 21 | Toiletries | | | 32–35 | | | 36–39 |
| 22 | Smoking requirements: cigarettes, tobacco, pipe etc. | | | 40–43 | | | 44–47 |
| 23 | Liquor : Bantu Beer | | | 48–51 | | | 52–55 |
| 24 | Liquor : Other | | | 56–59 | | | 60–63 |
| 25 | Church contributions | | | 64–67 | | | 68–71 |

| | |
|---|---|
| Card 4 | 75 |
| Project Number M2922 | 76–80 |

Record number [ | | | | | | ] 1–7

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 26 | Transport (train or bus) | | | 8–11 | | | 12–15 |
| 27 | Transport (taxi) | | | 16–19 | | | 20–23 |
| 28 | Transport (petrol, oil and repair costs of private car) | | | 24–27 | | | 28–31 |

| | | Area of investigation | | | Elsewhere | | | Agents | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | R | C | | R | C | | R | C | |
| 29 | Kitchen and household utensils | | | 32–35 | | | 36–39 | | | 40–43 |
| 30 | Sheets, blankets and curtains | | | 44–47 | | | 48–51 | | | 52–55 |
| 31 | Clothing: men | | | 56–59 | | | 60–63 | | | 64–67 |

| | |
|---|---|
| Card 5 | 75 |
| Project Number M2922 | 76–80 |

Record number | | | | | | | | 1–7

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 32 | Clothing : women | | | 8–11 | | | 12–15 | | | 16–19 |
| 33 | Clothing : children | | | 20–23 | | | 24–27 | | | 28–31 |
| 34 | Payments : policies (funeral) | | | 32–35 | | | 36–39 | | | 40–43 |
| 35 | Payments : furniture | | | 44–47 | | | 48–51 | | | 52–55 |
| 36 | Payments : private car | | | 56–59 | | | 60–63 | | | 64–67 |

| | |
|---|---|
| Card 6 | 75 |
| Project Number M2922 | 76–80 |

| | | Area of investigation | | | Elsewhere | | | Agents | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | R | C | | R | C | | R | C | |
| 37 | Payments : loan (housing loan) | | | 8–11 | | | 12–15 | | | 16–19 |
| 38 | Payments : other | | | 20–23 | | | 24–27 | | | 28–31 |
| 39 | House rental | | | 32–35 | | | 36–39 | | | 40–43 |
| 40 | Miscellaneous: other items not mentioned above | | | 44–47 | | | 48–51 | | | 52–55 |

| | |
|---|---|
| Card 7 | 75 |
| Project Number M2922 | 76–80 |



39842

RGN BIBLIOTEEK | HSRC LIBRARY

Doc. 107971

Copy 107976